## *FORM A*
## FILING SHEET FOR EASTERN CAPE, PORT ELIZABETH

PARTIES**: LINDA MINETTE GERBER V PADONGELUKKEFONDS**

**NOT REPORTABLE**

- Case Number: **763/08**
- High Court: **EASTERN CAPE, PORT ELIZABETH**
- DATE HEARD: **21 MAY 2009**
- DATE DELIVERED: **26 MAY 2009**

JUDGE(S): **JANSEN J**

LEGAL REPRESENTATIVES –

*Appearances:*

- for the Applicant(s): **ADV P JOOSTE**

for the Respondent(s): **ADV N PATERSON**

*Instructing attorneys:*

- Applicant(s): **LE ROUX INC**
- Respondent(s): **KETSE NONKWELO INC**

CASE INFORMATION -

- ***Nature of proceedings*:**
- ***Key Words*:**
- ***Summary:***

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA NIE RAPPORTEERBAAR NIE

OOS-KAAP, PORT ELIZABETH

Saaknr.:763/08

Datum gelewer: 26 Mei 2009

In die saak tussen:

**LINDA MINNETTE GERBER** Eiser

**en**

**DIE PADONGELUKKEFONDS** Verweerder

---

**UITSPRAAK**

---

**JANSEN, R:**

Hierdie is ’n aksie om skadevergoeding voortspruitende uit ’n motorvoertuigongeluk. Die partye het ooreengekom op die *quantum* van skade indien ek sou bevind dat die eiseres daarop geregtig is. Die meriete van die eiseres se eis was in geskil.

Dit is gemeensaak dat die eiseres in ’n Astra motorvoertuig kort na agtuur die oggend op 20 Maart 2006 betrokke was in ’n motorongeluk met ’n bus van die Algoa Busdiens op ’n stukkie pad, waarvan die naam nie aan die partye bekend is nie, tussen Strandstraat in Port Elizabeth en die bus depot op die Port Elizabethse hawe. Die eiseres was alleen in die motor en die versekerde bestuurder alleen in die bus.

Die eiseres het by die Port Elizabethse stasie aangedoen om vir ’n treinkaartjie te betaal. Sy was op pad werk toe. Uit foto’s wat ingehandig is

blyk dit dat die pad vanaf die stasiegebou in die rigting van Somerstrand, soos die eiseres gery het, slegs eenrigtingverkeer in daardie rigting toelaat. Kort nadat sy weggetrek het, het die eiseres, volgens haar, by 'n stopteken stilgehou. Dit was vir haar veilig om verder te ry en sy het aanbeweeg. Sy moes toe regs draai in die straat sonder naam om uiteindelik in Strandstraat regs te draai om uiteindelik by haar werksplek te Greenacres uit te kom. Op die hoek is 'n toegeeteken. Volgens die eiseres het sy by die toegeeteken gestop en links gekyk en daarna regs en daarna weer links en toe stadig weggetrek en weer regs gekyk om seker te maak of dit vir haar veilig was om in die straat in te draai na regs. Volgens haar was dit veilig. Sy het geen verkeer gesien nie. Die volgende oomblik, net toe sy in haar baan inbeweeg, het sy skielik die groot bus reg voor haar gesien. Sy kon nie die botsing vermy nie en die regter voorkant van haar voertuig het die bus voor in die middel getref.

Op daardie selfde hoek het 'n taxibestuurder van Somerset-Oos, mnr Adam Booysen, by 'n houtstruktuur en 'n karavaan, wat gebruik word as 'n kaartjiekantoor, gestaan. Volgens hom het hy in die rigting van Somerstrand gekyk. Hy het bewus geword van die eiseres se voertuig wat by die toegeeteken stop. Sy het toe vorentoe beweeg op 'n stadium toe dit vir haar veilig was om dit te doen. Net toe sy begin beweeg het die Algoa Bus vanuit die rigting van Russellweg vanuit Strandstraat links in die straat sonder naam ingedraai. Hierdie beweging, indien dit uitgevoer was, was duidelik in stryd met 'n geel pyl wat op die pad in Strandstraat geverf is en wat geen draai na links toelaat nie. Volgens mnr Booysen het die bus vanaf die hoek waar dit

links ingedraai het tot op die punt van botsing ’n afstand van 20 na 30m afgelê het. Die afstand wat mev Gerber, die eiseres, afgelê het nadat sy by die toegeeteken weggetrek het was, volgens mnr Booysen, ongeveer 5 tot 6m.

Die eiseres kon glad nie getuig uit watter rigting die bus gekom het toe dit in die straat sonder naam ingedraai het nie. Onmiddellik na die botsing het sy woorde uitgeroep tot die effek “Waar het die bus vandaan gekom?“ Mnr Booysen het daarop aan haar meegedeel dat die bus vanuit Strandstraat vanaf Russellweg se rigting in stryd met die padteken in die straat sonder naam ingedraai het. Toe dit aan mnr Booysen gestel is dat die bus vanaf Somerstrand se rigting gekom het en ’n regmatige draai na regs in die straat sonder naam uitgevoer het op pad na die depot, het hy dit ontken. Sy getuienis was dat hy op daardie hoek gestaan en wag het en in die rigting van Somerstrand gekyk het. Volgens mnr Booysen sou hy die bus gesien het indien die bus vanuit daardie rigting gekom het.

Dit is nie in geskil geplaas namens die eiser nie dat mnr Lukwe, die busbestuurder, die oggend met sy bus op ’n roete wat hom geneem het vanaf Motherwell deur Somerstrand via NMMU en terug deur Somerstrand gery het. Daardie roete, terug op pad na die bus depot op die hawe, sou die bus in Strandstraat laat beland het in die regterkantse baan van drie bane vanaf Somerstrand in die rigting van Russellweg. Mnr Lukwe het dan ook getuig dat hy op pad na die depot op die hawe by die verkeerslig in Strandstraat, waar dit kruis met die straat sonder naam, gestop het by ’n verkeerslig wat vir hom rooi was. Waar hy gestop het is ’n padteken aangebring wat ’n verpligte draai

na regs aandui. Nadat die verkeerslig groen in sy guns geslaan het, het hy gewag vir verkeer van voor vanaf die rigting van Russellweg totdat dit vir hom veilig was om na regs te draai. Hy het dit gedoen. Toe hy reeds in die straat sonder naam was het hy die Astra voertuig van die eiseres gesien vinnig van voor aankom en opgelet dat dit nie by die toegeeteken stop nie. Sy het regs gedraai en toe in hom vasgery. Die regter voorkant van die Astra het met die regter voorkant van die bus gebots. Volgens mnr Lukwe was hy in sy korrekte baan. Daar was niks wat hy kon doen om die botsing te vermy nie. Volgens hom het die eiseres te vinnig gery.

Die onus was op die eiseres om nalatigheid aan die kant van die versekerde bestuurder te bewys. Sy self het glad nie die bus gesien tot onmiddellik voor die botsing nie. Sy steun op die getuienis van mnr Booysen dat die bus vanaf Russellweg se kant met ’n oortreding van ’n padteken links vanaf Strandstraat in die straat sonder naam ingedraai het.

Voor my is twee totaal verskillende weergawes geplaas. Op die een weergawe het die bus min of meer van oos na wes gery en op die weergawe van mnr Booysen van die teenoorgestelde kant gekom. Die busbestuurder, mnr Lukwe, het my gunstig beïndruk. Sy getuienis was dat hy vanaf Somerstrand die bus op die terminus op die hawe moes gaan parkeer. Daar was vir hom geen rede om draaie te ry en om die hawe vanaf die verkeerde rigting te nader nie. Volgens mnr Booysen het hy in die rigting van Somerstrand gekyk en sou hy gesien het indien die bus vanaf daardie rigting gekom het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat daar geen rede vir mnr

Booysen was om spesifiek op te let na busse vanuit daardie rigting nie. Hy het erken dat sy aandag as ’n taxi-eienaar by sy taxi was. Dit was daar geparkeer. Hy kon nie die taxi onbewaak laat nie, sê hy, weens gevaar van diefstal. Hy was ook in die onmiddellike omgewing waar kaartjies verkoop word. Op die posisie waar mnr Booysen gestaan het sou hy in ieder geval nie die bus gesien het terwyl dit in Strandstraat vanaf Russellweg se rigting was nie. Op die hoek waar hy gestaan het is die uitsig na Strandstraat belemmer deur ’n houtstruktuur soveel as ’n karavaan waarvandaan besigheid gedoen word. Dit was in elk geval mnr Booysen se getuienis dat hy meteens die bus gesien het in die straat sonder naam en dit is duidelik dat hy die afleiding gemaak het dat die bus vanaf Russellweg se kant gekom het. Hy het vantevore gesien hoe busse in stryd met die padteken links in daardie straat vanaf Strandstraat uit Russellweg se rigting draai. Dit is die eiseres se saak dat onmiddellik op die toneel dit aan haar meegedeel is deur mnr Booysen dat die bus in stryd met die padteken sou gery het. Nogtans is hierdie nie aanvanklik deur die eiseres gepleit as ’n grond vir nalatigheid nie. Eers op ’n laat stadium is dit met ’n wysiging van die Besonderhede van Vordering as ’n grond vir nalatigheid geopper. Wat verder insiggewend is, is die feit dat volgens beide die eiseres en mnr Booysen die botsing sou plaasgevind het in die baan waarin sy regmatig na haar draai na regs sou gery het terwyl die bus in sy verkeerde baan bestuur is. Dit was nooit in hierdie terme deur die eiseres gepleit nie.

Ek kan geen rede vind om nie die getuienis van die versekerde bestuurder te aanvaar dat hy vanaf die rigting van Somerstrand regs in die straat ingedraai het soos hy geregtig was om te doen nie.

Op die eiseres se eie getuienis het sy nie behoorlike uitkyk gehou nie. Sy het nie die bus gesien nie. Selfs indien dit aanvaar word dat die bus die draai geneem het soos getuig deur mnr Booysen, dan is dit nog steeds duidelik dat die eiseres nie behoorlik uitkyk gehou het nie. Op mnr Booysen se weergawe moes die bus ’n draai geneem het van minder as 90º. Hy kon gewis nie vinnig om daardie draai gekom het nie. Nogtans moes hy ’n afstand van 20 na 30m gery het voordat dit met die eiseres se voertuig in botsing gekom het. Die eiseres, daarenteen, het slegs ’n afstand van 5 na 6m gery. Gesonde verstand dikteer dat selfs in die omstandighede soos deur mnr Booysen geskets die bus baie duidelik sigbaar moes gewees het vir die eiseres voordat sy vanaf die toegeeteken weggetrek het. Volgens haar was daar niks verkeer nie. Die feit dat die busbestuurder op die eiseres se weergawe ’n padteken verontagsaam het kan nie kousaal verbind word met die ongeluk nie. Mnr **Paterson** het aan die hand gedoen dat selfs op die eiseres se weergawe sy nie geregtig is op ’n verdeling van meer as 50/50 nie. Ek het die saak sorgvuldig oorweeg. Dit is nie vir my duidelik op watter basis ’n toegewing gemaak is dat op die aanvaarding van die eiseres se weergawe daar enige nalatigheid aan die kant van die versekerde bestuurder was nie.

Die eiseres se eis word afgewys met koste.

**J C H JANSEN**

**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**